Onderhoud, Radio & TV Dagboek, 29 Julie 1985

Wat was die grootste enkele stukrag in die ontwikkeling van haar skryftalent?
“Die feit dat niemand vir my as kind ooit jammer was of gedink het daar steeks iets goeds in my nie.”

Nog iets wat haar skrywerskap begunstig het is die feit dat sy met die regte gene gebore is. Sy is ’n regstreekse afstammeling van die romanskrywer, sir Walter Scott en is nie die enigste Scott van Riversdal wat hul voorsaat se talent geërf het nie. Haar pa, Daniël Scott, het ’n fyn aanvoeling vir musiek gehad en het nog tot op sewentig pragtig viool gespeel. Haar suster, Beatrice, wat op 38-jarige leeftyd gesterf het, sou dit nog ver kon bring – sy het haar eie radioprogram in Australië gehad en het kortverhale geskryf. Haar twee broers en twee susters se kinders presteer ook op kunsgebied.

Dalene was ’n leeshonger kind en die eerste boek wat haar werklik aangegryp het was Waterbabies van Charles Kingsley. Sy beskou dit steeds as ’n groot metafiese werk. Sy beskou Victor Hugo as die grootste wêreld skrywer en Andre P. Brink as ons beste Afrikaanse skrywer. “Bepaalde tonele in Kennis van die Aand is onverbetelik.”

Na skool het Dalene op Oudtshoorn aan Van Zyl se Musiekskool en op Graaff-Reinet by die Holy Cross Convent verdere musiek opleiding ontvang. Later het sy klavierlesse vir volwassenes aangebied en self die klavier bespeel tot sy aan Kringe begin skryf het. Haar man het eers na drie maande agtergekom dat sy die klavier vir die pen verruil het.

Sy is op 18-jarige ouderdom met Larius getroud en 3 jaar later is haar dogter Amanda gebore. Een van haar kinderverhale is daardie jaar ook vir die eerste keer oor die radio uitgesaai. Haar eerste pennevrug, die kinderverhaal Die Twaalfuur-stokkie, was ook die eerste een om in boekvorm te verskyn in 1970.

Tydskrifverhale was egter ’n perd van ’n ander kleur. Sy het bykans ’n jaar lank gesukkel voor een van haar pogings aanvaar is. Na die tydskrifverhaal het talle kort verhale, vervolgverhale en die kortverhaalbundel, Die Judasbok, in 1982 gevolg. In 1984 het Kringe opslae in Suid-Afrikaanse en internasionale literêre kringe gemaak.

“Dit was danksy die genade van Bo en baie harde werk.” Sy het vooraf elf maande navorsing gedoen en volgens gewoontes alles rondom haar (tot die kaste se binnekant) klinies skoongemaak. Nege maande later het sy met ’n voltooide manuskrip in ’n plastieksak by die uitgewers opgedaag.

Aanvanklik het sy egter geen woord van die uitgewers gehoor nie. Een Maandagoggend was sy bedruk, bankrot en leeg geskryf. Toe lui die telefoon en Brink se gunstige kritiek word aan haar voorgelees.

’n Kitsresep aan voornemende skrywers het sy nie, maar “jy moet ’n boek laat lewe,” sê sy. “Eerlike hantering is ’n voorvereiste”.

BRON: Radio & TV Dagboek, 29 Julie 1985